MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

MAART / MARCH 2012 NO. 3

MUNISIPALITEIT //KHARA HAIS KRY WEER 'N ONGEKWALIFISEERDE OUDITVERSLAG

Munisipaliteit //Khara Hais het vir die tweede agtereenvolgende finansiële jaar 'n ***Ongekwalifiseerde Ouditmening met Ander Sake*** gekry. Die Ouditeur-Generaal se kantoor het tydens die Raadsvergadering op 31 Januarie 2012 die ouditverslag aan die Raad kom voorlê. Dit is die tweede beste moontlike ouditmening en die Ouditeur-Generaal het verklaar dat hy tevrede is dat die jaarlikse finansiële state 'n redelike ware weergawe is. Daar is egter ***Ander Sake*** wat die Ouditeur-Generaal uitgewys het waaraan ons sal moet werk.

"Ek wil die inwoners van //Khara Hais bedank vir hul samewerking, die Munisipale Bestuurder en sy span vir hul harde werk en die Raad vir hul politieke insig. Ons kan net verbeter op dit wat ons gedoen het om te verseker dat die munisipaliteit 'n ***Ongekwalifiseerde Ouditmening met Geen Ander Sake*** in 2014 gaan kry, wat die teikendatum is van Nasionale Regering vir alle munisipaliteite om ***Ongekwalifiseerde of Skoon Ouditverslae*** te hê. As 'n Raad verbind ons ons om 'n sterk politieke oorsig te hou om te verseker dat dit 'n werklikheid word," het die Burgemeester, Raadslid Limakatso Koloi, gesê.

Rdl Limakatso Koloi (Burgemeester)

Hoe gaan die munisipaliteit dit regkry? Daar is 'n ***Oudit Uitkoms Herstelplan*** opgestel om die ***Ander Sake*** in die ouditverslag aan te spreek. Die besonderhede daarvan is vervat in die ***Konsepjaarverslag*** wat op 31 Januarie 2012 deur die Raad in beginsel goedgekeur is en die jaarverslag lê ter insae gedurende normale kantoorure by die munisipale kantore.

'n Ongekwalifiseerde Ouditmening met Ander Sake: Hierdie mening beteken dat die Ouditeur-Generaal tevrede is met die teboekstelling van die finansiële rekords van die munisipaliteit en soos dit in die jaarlikse finansiële state weer gee is. Die mening met ***Ander Sake*** beteken egter dat daar rakende finansiële bestuur, prestasiebestuur en nie-nakoming van wetgewende vereistes, leemtes bestaan wat aangespreek moet word voordat daar 'n volledige skoon ouditverslag uitgereik sal kan word. Die risiko vir korrupsie en bedrog in so 'n munisipaliteit is minimaal, maar nie uitgesluit nie.

Die munisipaliteit het voorheen vir twee jaar 'n ***Gekwalifiseerde Ouditmening*** gekry (die derde beste ouditmening) en vir baie jare voor dit 'n ***Afwysings Ouditmening*** (die vierde beste ouditmening). Die munisipaliteit het dus die afgelope vier jaar net verbeter.

Munisipaliteit //Khara Hais strewe daarna om spoedige dienslewering deur middel van verantwoordelike finansiële- en administratiewe bestuur te verseker.

VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEITSVERKOOPPUNTE

VERKOOPPUNTE	TYE	TELEFOONNOMMERS
Village Shop	07:30 - 21:00	054 332 4383
Ntoisingel 63, Paballelo	08:00 - 22:00	076 945 0688
Hi-Way General Dealer (Hinana)	08:00 - 20:00	054 332 6429
Progress Café, Kosmosstraat	08:00 - 21:00	073 509 2862
Daniël Jansenstr 54, Morning Glory	08:00 - 21:00	084 645 9993
Rosedale Spar	08:00 - 21:00	054 339 0056
Babbelbekkies, Rosedale	07:00 - 21:00	074 587 4961
Gazaniastraat, Louisvaleweg (Oliphant)	07:00 - 22:00	073 483 3466
Freeman, Louisvaledorp	08:00 - 22:00	083 596 0675
Upington Convenience Centre	24 UUR	054 332 5444
Stap – In Supermark	07:00 – 22:30	054 339 3636
Spar Upington	07:00 – 22:00	054 331 2491

Inligting van tye verskaf deur Verkoopspunte

VOORAFBETAALDE WATERVERKOOPPUNTE IN //KHARA HAIS MUNISIPALE REGSGEBIED

VERKOPERS	ADRES	TELEFOONNOMMERS
Mev R Freeman	Louwstraat 1, Louisvaledorp	054 335 1297
Mnr Ruben Bosman	Hoopstraat 8, Lambrechtsdrift	079 957 5819
Me Sandra Maasdorp	Loopstraat 4, Karos	083 319 6952
Mnr Nicolaas Pieterse	Winkelstraat 22, Leerkrans	054 751 0092
Me Esta Franse	Lensiestraat 35, Raaswater	073 653 9773
Mnr Abraham Olyn	Bougainvillastraat 41, Louisvaleweg	082 730 2334 / 074 612 1104
Me Emma van Eden	Swartkopweg 80, Leseding	076 019 1789
Mnr Leon van Schalkwyk	Johnny Goeiemanstraat 40, Rosedale	082 085 7272
Mev Virginia Ratshofola	Mayabastraat 223, Paballelo	079 744 4426



PROGRAM VIR LEES VAN METERS

FEBRUARIE / MAART 2012

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
24 Februarie	1,2,4,18	1 Maart	38,46,42,21	7 Maart	31,45,12,84
27 Februarie	23,5,22,25	2 Maart	44,8,24,30	8 Maart	43,32,33,13
28 Februarie	29,20,27,35	5 Maart	9,7,11,10	9 Maart	47,16,14,39
29 Februarie	37,3,36,6	6 Maart	80	12 Maart	28,19,41,15
				13 Maart	17, 40

MAART / APRIL 2012

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
23 Maart	1,2,4,18	30 Maart	38,46,42,21	5 April	43,32,33,84
26 Maart	23,5,22,25	2 April	44,8,24,30	10 April	47,16,14,39
28 Maart	29,20,27,35	3 April	9,7,11,10	11 April	13
29 Maart	37,3,36,6	4 April	31,45,12,80	12 April	28,19,41,15
				13 April	17,40

'n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om hul persele toeganklik te hou vir meterlesers soos bv. die vasmaak van honde.

PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT MAART 2012

DATUM	WOONBUURT	PLEK
1 Maart	Paballelo	Munisipale Kantore
2 Maart	Progress/Extension	Gemeenskapsaal: Keimoesweg (Betaalsaal)
5 Maart	Louisvaleweg	Betaalpunt (Mario)
6 Maart	Rosedale	Gemeenskapsaal: Rosedale
7 Maart	Kalksloot / Louisvaledorp & Leseding	Betaalkantoor (Alfonso) / Mev R Freeman Waterverkooppunt
8-31 Maart	Dorp	Munisipale Hoofkantoor

NB: BRING ASB u ID-BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AF-HAAL.

SLEGS WEEKSDAE VANAF 07:30-15:30

Uitgereik deur Kommunikasie & Kliëntediens, Munisipaliteit //Khara Hais ☎ 054 338 7000

trans oranje drukkers upington 054 332 3056